**Begin by die  BEGIN**

NUWE JAAR
Ons staan aan die begin van ‘n splinternuwe jaar. Hoe laat dit jou voel? Opgewonde/ nuuskierig/ bewerig/ mismoedig? Het jy enige verwagtinge? Voornemens?

JESUS CHRISTUS
Verlede Sondag het ons gefokus op Jesus: Hebreërs 3 – Jesus: ware God en ware **mens** (vlees en bloed; versoek); **Hoëpriester** (barmhartig, getrou, begrypend…. Offer en offeraar; versoen; intree); **Leidsman** (na heerlikheid); **Broer**; **Oorwinnaar** (duiwel vernietig; met eer en heerlikheid gekroon); **Verlosser** (bevry van die vrees vir die dood). Met so ‘n Broer, Leidsman en Hoëpriester kan ons die onseker **toekoms met vertroue** ingaan. Hy maak ons *meer as oorwinnaars* en ons hoef selfs die *dood* nie te vrees nie!
Vandag wil ons meer op **God ons Vader fokus**. Hebreërs 3 verwys na Hom as *“God, ter wille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het…”*

GOD IS DIE BEGIN
**Ons begin** hier aan die begin van die jaar by die begin – die begin van die Bybel en van die skepping. Die naam **Genesis** beteken “begin”, want dit begin met die woorde: *“In die begin het God die hemel en die aarde geskep.”* (1:1)
Die Bybel **begin nie** deur vir ons te bewys dat daar ‘n God is nie.  Die bestaan van God word as ‘n gegewe aanvaar.
Nee, die heel **eerste waarheid** wat die Bybel ons wil leer, is: *Die begin van alles lê by God. God is die begin.* Alles wat is, het hulle **oorsprong** by God gehad. Dit het nie maar **toevallig, per ongeluk/ geluk** ontstaan nie. Die woord vir **skep** in vers 1 is *“bara”* en dit word net van God gebruik, want net God kan iets uit <u>niks</u> skep. Hy is die Een by wie die skepping begin het, (Hebreeus) *“deur wie alles ontstaan het”*.

Daarvandaan gaan die skrywer **verder** en vertel van die **begin van** die *mens*, van die *menslike familie*, van *sonde* en ongehoorsaamheid, van *lyding*, van *God se poging* om die verbreekte verhoudinge te herstel. Dit vertel vir ons **waar en hoe** dit alles begin het.
**Grappie:** “Het die Here vir oupa gemaak?”

LET OP DIE BOODSKAP
Wanneer ons Genesis 1-3 lees, moet ons in gedagte hou dat dit ons nie ‘n **wetenskaplike verklaring** wil bied oor hoedat die wêreld en die mens

ontstaan het nie. Die skrywer beskou homself ook nie as 'n **historikus** wat alles in fyn detail en histories korrek opteken nie. Hy **stel nie belang** in die WANNEER en die HOE van die skepping nie, maar in die WIE daarvan. Hy verklaar dat dit die **God van Israel** was wat die wêreld met alles daarin geskep het. **Sy bedoeling** is dus nie om wetenskaplike of historiese feite oor te dra nie, maar om 'n BOODSKAP oor te dra. Ons moet let op die boodskap en die HOE en die WANNEER aan die wetenskaplikes en argeoloë oorlaat!

GOD SE PRENTEBOEK

Die **skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld** is een van die **twee middele** waardeur ons vir God leer ken. Die ander middel is die **geskrewe Woord van God** (Bybel). Die Nederlandse Geloofsbelydenis sê van die skepping: *"Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, duidelik laat sien."* (NGB Art 2) Die skepping is **God se prenteboek**. Ons lees daarin van God se *ewige krag* en *Goddelikheid*.

Wie van ons **geniet nie die natuur** nie? By wie van ons dwing die skepping nie **bewondering** af nie! (Lied 464) Programme wat oor die natuur handel, is van die programme wat ek die meeste op TV geniet. Soms slaan dit ons asem skoon weg, nie waar nie!

Die **Skeppingsverhaal herinner** ons telkens daaraan dat dit alles nie maar *toevallig* ontstaan het nie. **God** het dit geskep. Ps 14:1 *"Die dwaas dink daar is geen God nie."* Laat die skepping maar miljoene jare oud wees. Laat daar maar 'n oerknal gewees het. Solank ons net nie God se rol daarin ontken nie, want dan is ons *geleerde dwase/ dwase geleerdes*. Ja, dit vra **geloof** van ons kant af, maar dit vra eweneens geloof van diegene wat GLO daar is geen God nie, want dit kan ook nie bewys word nie. Paulus (Rom 1:20-22): *"Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie, omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie. Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister. Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas."*

Ons leer God uit die skeppingsverhaal ken as 'n **persoonlike, geestelike wese.** Hy doen dinge … praat … voel.

Ons leer Hom ook ken as die Een wat **voor alles** al daar was. Hy is die EWIGE, bo tyd verhewe!

Ons leer Hom ken as die ALMAGTIGE wat ook **lewe kan skep**. Hy hoef net 'n *woord* te sê en dis daar.
Ons leer ken Hom as die Een met volmaakte WYSHEID.

DIE MENS IS GOD SE BEELD

Genesis 1 wil ook sê **wie en wat die mens is**. Dit wil vir ons sê dat ons 'n **verantwoordelikheid** het om na te kom. Ons kan nie hier op aarde maak soos wat ons *wil nie*. Ons kan nie die skepping *gebruik* soos wat dit ons pas nie, want God het alles mooi en goed gemaak en dis ons verantwoordelikheid om dit so te hou. God het ons almal aangestel om *sorg te dra* vir mekaar en vir sy skepping.
Genesis sê ons is na die **beeld van God** geskape. Dit **beteken nie** ons lyk na God of Hy lyk na ons nie. (Heidelbergse Kategismus Vr 6: "Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.") Soos God die **Bestuurder** van die son en die maan en die sterre en die hele *heelal* is, is ons ook bestuurders van die *aarde* en sy bewoners.
Omdat ons iets van God in ons het, omdat Hy ons **anders as diere** gemaak het, moet ons anders wees as diere. Die diere *roei mekaar* uit en word deur hul *instinkte gedryf*. God het die mens anders gemaak. God het die mens so gemaak dat hulle *kan besluit* wat hulle wil doen. 'n Dier kan nie besluite neem nie. Maar ons kan. Ons kan *dink voordat* ons 'n ding doen. Ons kan so 'n bietjie *vooruit sien*: as ek so en so gaan maak, gaan dit en dat gebeur (drink en bestuur). **Gen 1 sê: So het God julle gemaak en so behoort julle te wees.**

**Is dit soos wat dit is**, soos wat die mens hom gedra en soos wat die wêreld vandag lyk? Ongelukkig nie! Gen 2 en 3 gee vir ons antwoord op die vraag waarom die wêreld nie meer lyk soos wat Gen 1 dit vir ons beskryf nie. Gen 2 en 3 sê: Dis omdat die mens God **nie wil gehoorsaam** nie en omdat mense **self gode** wil wees. Dit is wat die Bybel **sonde** noem. En die **gevolge** van die sonde is ontsettend tragies.
Die **res van die Bybel** is die verhaal van die gevolge van die mens se sonde – van oorloë en geweld, selfsug en haat. Ons kom agter **alle mense** is in opstand teen God en het behoefte aan versoening met God.
**Gelukkig eindig dit nie** by hierdie troostelose prentjie nie. Die Bybel sê ook dat God dit **weer anders kan** laat word en dat God 'n mens nie net <u>kan</u> verlos nie, maar ook <u>wil</u> verlos. Elke mens kan weer die **pad terug** na die tuin van God vind. Elke mens kan weer 'n **regte mens** word wat bereid is om God se opdragte uit te voer en om te sien na sy medemens en na God se skepping. Elke mens kan weer 'n **beelddraer van God** word. God maak 'n NUWE BEGIN moontlik. Hy laat mense OPNUUT

GEBORE word. Dit is baie beter as om net ‘n nuwe blaadjie om te slaan! Die **pad terug**, die pad na herstel loop deur sy Seun, Jesus Christus. Hy is die Weg. Die nuwe begin wat alle mense benodig, begin by die kruis.

BEGIN AAN SY VOETE

Ons **weet nie wat 2011** alles vir ons gaan inhou nie. ‘n Mens se gedagtes en vrese kan met jou **op hol** gaan. Ps 46 stel dit vir my so mooi: *“Bedaar en erken dat ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde. Die Here, die Almagtige, is by ons, die God van Jakob is vir ons ‘n beskutting.”* (:11, 12) Hy, die Almagtige, Alwyse en Ewige Skeppergod is Immanuel, *God met ons* en sal nie die werk van sy hande laat vaar nie maar getrou bly tot in ewigheid. Hy is die Begin en die Einde.

En soos wat in Hebreërs staan: Hy is die Een deur wie en TER WILLE VAN WIE alles geskep is. **Ons is daar ter wille van Hom, en nie andersom nie**. Alles en almal is **sy eiendom** en daarom behoort ons in alles rekening te hou met Sy wil. **Hy kom eerste** en nie enigiets of enigiemand anders nie. Daarom is die beste plek om by te begin, **aan Sy voete**: elke jaar, elke dag!

Amen
2/1/11